## Ons moet veiliger aanlyn ruimtes vir vroue met gestremdhede skep

*Eunice Tunggal, Babalwa Tyabashe-Phume, Karen Soldatić en Lieketseng Ned**

Om geweld aanlyn aan te meld is nie vir vroue met gestremdhede toeganklik of inklusief nie. Beperkte inligting en swak platformreaksies op geweld maak aanlyn ruimtes gevaarliker vir hulle. Dit is die harde werklikheid wat ons ook op die Internasionale Dag van Persone met Gestremdhede op 3 Desember moet konfronteer.

Ons onlangse studie oor tegnologie-gefasiliteerde geweld teen vroue met gestremdhede toon dat baie vroue met gestremdhede dikwels vernederende en dreigende boodskappe ontvang. Hierdie boodskappe is nie ongewoon nie. Om die waarheid te sê, hulle weerspieël ’n ontstellende werklikheid vir baie vroue met gestremdhede wat aanlyn ruimtes navigeer. Digitale platforms is eens as toegangspoorte vir bemagtiging gesien, maar word toenemend skadelike ruimtes. Tegnologie-gefasiliteerde geslagsgebaseerde geweld (TGGBG) is nie net ’n virtuele kwessie nie; dis ’n diep traumatiese ondervinding wat die vrouehaat en gestremdheidsdiskriminasie van die aflyn wêreld weerspieël en versterk.

Tegnologie-gefasiliteerde geslagsgebaseerde geweld sluit aanlyn teistering, *doxxing* (privaat inligting en adresse word openbaar gemaak), kuberbekruiping (*stalking*), foto/video-gebaseerde mishandeling en ander vorme van digitale benadeling in. Vir vroue met gestremdhede word die risiko’s deur verskeie faktore vererger, insluitend: ’n hoër vlak van afhanklikheid van tegnologie vir werk, kommunikasie en gemeenskap, sistemiese en strukturele ondervindings van isolasie en kwesbaarheid, en geheel en al ontoeganklike rapporterings- en aanlyn veiligheidstelsels binne digitale tegnologieë. Met al hierdie faktore en oorvleuelende kwesbaarhede word vroue met gestremdhede beduidend buite verhouding deur TGGBG geraak, en tog word hulle ondervindings so dikwels oor die hoof gesien. Soos een deelnemer in ons studie opgemerk het: “Ek dink ek kan namens ander vroue met gestremdhede praat dat ons regtig, regtig swaarkry op sosiale media.”

Ondanks die groeiende voorkoms van TGGBG, is daar ’n kritieke gebrek aan toeganklike, toepaslike inligting vir gestremde vroue en meisies oor hierdie kwessie. Hulpbronne wat TGGBG vanuit ’n geslagsgestremdheid-inklusiewe lens aanspreek, is skaars en bewustheidsveldtogte sluit selde gestremde stemme of ondervindings in. Ons het gevind dat selfs wanneer inligting wel bestaan, dit dikwels in formate aangebied word wat nie vir mense met beperkte digitale vaardighede toeganklik is nie en dit oorweeg ook nie die spesifieke maniere waarop geweld deur gestremde vroue en meisies ervaar word nie.

En wanneer verdere geestelike of emosionele ondersteuning vir slagoffers van TGGBG aangebied word of beskikbaar is, word hulle unieke ondervindings selde in ag geneem. In ons navorsing het baie van die gestremde vroue gerapporteer dat hulle verlore en sonder ondersteuning voel, onseker waarheen om hulle te wend wanneer platforms en wetstoepassing hulle klagtes verwerp of versuim om op te tree. Nog ’n deelnemer het gesê: “Ek voel baie radeloos en soos… Wat doen ek nou? Want as ek nie veilig voel oor hierdie persoon in my kommentaarafdeling nie, en TikTok sê hulle vind geen oortreding nie. Dis soos, oukei… Ek blokkeer net die persoon. En wat die polisie aanbetref… wel, ek glo nie hule steur hulle veel daaraan nie, want dis ’n ‘sosialemedia-ding’.”

Sosialemedia-platforms het die potensiaal om inklusiewe en veilige ruimtes te wees, maar hulle skiet voortdurend tekort. Algoritmes ignoreer dikwels of vererger selfs TGGBG, en rapporteringstelsels is gereeld ondoeltreffend, ontoeganklik of minagtend teenoor gestremde vroue en hulle ondervindings.

Terwyl platforms beweer dat hulle “alle vroue” ondersteun, sien hulle gereeld die interseksionele behoeftes van gestremde vroue oor die hoof.

Hierdie illusie van insluiting laat oortreders toe om siklusse van mishandeling met min tot geen gevolge voort te sit. Slagoffers word dikwels gedwing om self misbruikers te blokkeer, en platforms erken nie die erns van die skade nie. Die gebrek aan aanspreeklikheid bemoedig oortreders, wat onder nuwe skermname terugkeer en die trauma voortsit.

Baie vroue met wie ons gepraat het, het gekies om sosialemedia-platforms heeltemal te verlaat weens voortdurende mishandeling deur mense aanlyn. In sommige gevalle het hierdie vroue sosiale media gebruik as ’n platform vir voorspraak en om ’n inkomste te verdien – maar nadat hulle te onveilig aanlyn gevoel het, moes hulle dit prysgee. Digitale platforms moet meer doen as om net bestaande instrumente aan te pas; hulle moet saam met gestremde vroue oplossings skep. Dit beteken om direk met gestremde vroue, navorsers en aktiviste saam te werk om veiligheidsinstrumente en opvoedkundige hulpbronne te ontwerp wat werklik doeltreffend is.

Bemagtigende inhoud moet mede-ontwerp en mede-ontwikkel word wat maklik leesbare taal, onderskrifte, skermleser-versoenbaarheid en ander toeganklike formate integreer wat responsief is vir al die behoeftes van vroue en meisies met gestremdhede.

Vrouehaat, gestremdheidsdiskriminasie en geweld neem elke dag meer beheer van bestaande digitale platforms, en ons moet dit stop. So, wat doen ons nou?

Moderators en ontwikkelaars van digitale platforms moet opgelei word oor gestremdheid, interseksionaliteit, trauma-ingeligte sorg en inklusiewe ontwerp. Rapporteringstelsels behoort ontwerp te word om TGGBG doeltreffend te herken en daarop te reageer, ten einde te voorkom dat dit as ’n “sosiale kwessie” afgemaak word.

So, die sleutelvraag word: hoe verseker ons werklik dat vroue en meisies met gestremdhede die geleenthede en voordele van die digitale wêreld verkry? Ons moet saamwerk om hierdie gaping te vul en veiligheid vir almal te bevorder. Ons doen ’n beroep op sagteware-ontwikkelaars, navorsers, aktiviste en organisasies om insluiting in digitale veiligheidsmeganismes en TGGBG-rapporteringsinstrumente en -onderrig vir vroue met gestremdhede te prioritiseer.

Ons moet begin deur met vroue en meisies met gestremdhede oor hulle ondervindings van geweld te praat, en hulle stemme te sentreer. Saam kan ons:

- Bewustheid oor aanlyn geweld verhoog, en hoe vroue met gestremdhede moontlik meer in gevaar kan wees.
- Aanlyn platforms aanspoor om toeganklikheid te verbeter en veiligheidsbeleid en reaksies op geweld in te sluit.
- Veilige internetgebruik aanmoedig en onderrig op maniere wat alle mense beskerm en vir hulle voorspraak maak.

Kom ons bou inklusiewe digitale ruimtes wat veilig is vir almal.

**Eunice Tungall en Karen Soldatic is met die Kanada Uitnemendheids-navorsingsleerstoel – Gesondheidsgelykheid en Gemeenskapswelstand aan die Toronto Metropolitaanse Universiteit geaffilieer. Lieketseng Ned staan aan die hoof van die Sentrum vir Gestremdheid- en Rehabilitasiestudies*

*aan die Universiteit Stellenbosch en Babalwa Tyabashe-Phume is ’n dosent in die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Johannesburg.*